

Strydende begeertes

Teks: Galasiërs 5: 13 - 26 & Sondag 44
Teksvers: Galasiërs 5: 17

1. Inleiding

Vanoggend in ons studie oor die tien gebooie, is ons by die laaste gebod. Ons almal ken die tiende gebod, "Jy mag nie begeer nie". Maar waarom is hierdie gebod dan so belangrik. Met al die ander gebooie was ons gemoeid met dinge wat buite jou kop, en liggaam gebeur. Om te moor, steel of verkrag is dinge wat duidelik waarneembaar is vir ander mense om ons. Daarom word dit steeds deur die owerheid ook gestraf. Maar om te begeer gebeur binne my, in my diepste is daar begeertes wat weggesteek is vir die wêreld.

Natuurlik is dit dan ook hoekom die wêreld so min omgee oor hierdie gebod. Want om ons vandag geld die etiek, dat indien niemand benadeel word nie is dit mos in orde. Daarom het die wêreld geen probleem met slegte begeertes binne 'n mens nie. Solank daar net genoeg selfbeheersing is om nie volgens slegte begeertes op te tree nie.

Of nee, wag. Is die kreet vandag nie juis dat ek moet getrou wees aan my binneste nie. Die wêreld om ons baklei dat ek uiterlik moet optree soos ek binne voel. Dink maar aan debatte rondom geslagsidentiteit en verskeie ander sake. Tog vir die Calvinistiese gelowige bly die probleem die verdorwenheid van die mens. Daarom wanneer ons mense aanmoedig om hulle gevoel uit te leef, dan sien ons spoedig dat sake soos: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, nayswer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al die ander dergelyke dinge hoogty vier.

Maar wat is dan uiteindelik die antwoord in die tiende gebod. Bly 'n mens maar 'n slaaf van jou slegte begeertes, waarteen jy

voortdurend moet stry, of is daar 'n ander manier?

2. Die maatstaf van my gedagtes

Om iets te oordeel moet daar natuurlik 'n maatstaf aangelê word. En dit is belangrik dat so 'n maatstaf 'n fyn gekalibreerde presisie instrument is. En dit is dan juis hier waar die tiende gebod in kom. Want soos die eerste gebod voorentoe kyk oor al die gebooie, net so kyk die tiende gebod terug oor al die gebooie. Sien, die maatstaf wat aangelê word in die tiende gebod is die ander 9 gebooie.

Daar mag in ons hart nie 'n begeerte kom teen enige van die ander gebooie wat ons reeds gebestudeer het nie. Wanneer 'n begeerte in my gedagtes leef, wat nie in stryd is met een van die ander gebooie is dit verkeerd. Dit is sonde en moet dan duidelik erken word as 'n oortreding van die 10de gebod.

En hierdie in stryd met die ander gebooie, is soms fyn en genuanseerd. Soos baie versoekings van die bese, is dit nie altyd ooglopend sigbaar nie. Sommige begeertes is maklik om raak te sien vir wat dit is. Dink maar aan veral seksuele begeertes. Maar iets soos materiële begeertes is moeiliker. Want dit kan uiteindelik uitloop op diefstal. Tog is materiële begeertes vir die wêreld vandag so normaal.

Maar dit raak selfs nog ingewikkelder hoe nader 'n mens aan die eerste gebod kom. Want 'n begeerte tot 'n ander godsdienst of aanbidding is nie so ooglopend nie. Tog sodra enige iets ander die plek van die Here en praktiese aanbidding in my gedagtes begin inneem, sit ek met 'n begeerte teen die eerste gebod. Sodra ek begeer om enigiets anders sonder 'n gryntjie kritiek of bevraagteken te dien, is daar 'n begeerte teen die eerste gebod.

Op hierdie manier is die tien gebooe die maatstaf van ons gedagtes en begeertes. En soms wanneer hierdie maatstaf aangelê word, kry ons nie 'n mooi prentjie nie.

3. Die oorsprong van my dade

Tog wil 'n mens vra of die wêreld dan nie 'n punt beet het nie. Is dit regtig so belangrik wat dan nou in jou gedagtes en begeertes aangaan? Die antwoord is dat dit belangrik is. Jou gedagtes en en begeertes is die geboorteplek van jou dade. Dit dryf bewustelik of onbewustelik wat jy uiteindelik doen. Ons kan maar net na die moderne bemarking en advertensie wese kyk. Daar is 'n rede hoekom maatskappye baie geld aan hierdie sake spandeer. Want as jy suksesvol in 'n persoon die begeerte na jou produk kan skep, sal hy uiteindelik ook alles in sy vermoë doen om dit te verkry.

Ons sien hierdie spanning tussen die binneste van die mens en die uiterlike al in die Bybel. Jesus se aan die Fariseërs in Matt 23: 27 - 28 : "27"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiverheid is. 28So is julle ook: van buite lyk julle vir mense vroom, maar van binne is julle vol huigelary en minagting van die wet." Ons weet dat hulle uiteindelik hierdie binneste ook uitleef wanneer hulle vir Christus gaan kruisig.

Om hierdie rede is dit belangrik wat binne my gedagtes en begeertes aangaan. Want uiteindelik bepaal dit my dade. Ja, dit is nie so direk gekoppel, dat ek eenvoudig elke begeerte prakties sal uitleef nie. Maar uiteindelik sal my onderbewussyn sorg dat ek, wanneer daar enigsins die geleentheid is om my slegte begeerte uit te leef, dit prakties uitleef. Daarom is die stryd van die hart of gedagte, soos dit soms genoem word, 'n baie vel stryd. Maar duidelik is dit 'n stryd wat die gelowige

elke dag moet stry. Ons kan nie maar eenvoudig doen wat ons wil nie.

4. Afsterf van die Ou mens

Tog is die doel van hierdie preek, soos elke preek, om die evangelie te bring. Die goeie nuus, dat daar hoop is vir die gelowige. Dat die gelowige nie soos 'n voertuig op 'n afdraande wat net wag dat sy hardrem gly, te staan nie. Die antwoord lê in vers 18 van ons teksgedeelte: "18Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie."

Ons weet dat hierdie leiding deur die Heilige Gees eers 'n werklikheid vir die gelowige word, na die wedergeboorte uit Christus. Want voor dit is die Gees primêr besig om die uitverkore na Christus te lei. Maar nadat die gelowige se geloof in die Verlossing in Christus vir hom/haar 'n werklikheid geword het, begin Christus ook sy/haar gedagtes vernuwe. Want dit is dan dat ons die lewende, heilige aan God welgevalige offer word waarvan Romeine 12 praat. Dit is dan wanneer ons gedagtes deur God verander word.

Duidelik soos wat ons sondige natuur stelselmatig afsterf, en die nuwe geestelike natuur ons deel word, word die daaglikse stryd makliker. Want stelselmatig word die begeertes uit die sondige natuur minder. Die vrug van die gees groei en bepaal uiteindelik meer en meer van die gelowige se gedrag. Dit is hierdie gedrag wat ook duidelik uiterlik waarneembaar is. Daarom is die gebied kant van die 10de gebod baie weier en groter as wat ons dink. Die 10de gebod gebied uiteindelik dat ons voortdurend in ons gedagtes en begeertes moet fokus op: " liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23nederigheid en selfbeheersing" Want uiteindelik sal hierdie gedagtes en begeertes dan ook ons dade word. Dade wat duidelik nie in stryd staan met die ander 9 gebooe nie. Daarom dade wat

uiteindelik in dankbaarheid die Here eer en verheerlik.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met 'n stukkie praktiese raad. Iets wat ons uit die advertensie wêreld leer, is dat voortdurende bombardering met 'n saak uiteindelik mense oortuig. Ons almal ken die gevoel dat jy aanvanklik nie van 'n liedjie op die radio hou nie, maar omdat dit so knaend gespeel word, begin jy naderhand saamsing en selfs daarvan hou.

Die anderkant is ook waar in die geestelike wêreld. Ons weet wanneer die Heilige Gees voortdurend bedroef word, raak ons afgestop vir Sy stem. Die ander stemme in ons lewens waaraan ons meer aandag en moeite gee, praat eenvoudig harder. Dieselfde is natuurlik waar in verband met die 10 gebooië. Wanneer ons dit nooit aanhoor of bestudeer nie. Dan raak dit vir ons onbekend. Die maatstaf wat ons moet aanlê in ons gedagtes of begeertes, raak verlore.

Daarom is die praktiese antwoord om in die Gees besig te bly. Om voortdurend soveel as moontlik die Woord van die Here te bestudeer. Om in te skakel by 'n gemeenskap van gelowiges waar jy ondersteun kan word in jou geloofslewe. En waar jy ook ander kan ondersteun in hulle geloofslewe.

Deur hierdie voortdurende positiewe blootstelling sal ons gedagtes en begeertes ook stelselmatig verander. Ons sal die mense word waartoe die Here Jesus Christus ons verlos het. Mense met nuwe harte en gedagtes. Mense wat begeer wat daar bo is, en nie hier onder nie. Mense wat uiteindelik aan die regte kant van die strydende begeertes leef. Die kant waar die Gees blom en vrug dra. Die vrugte van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, ²³nederigheid en selfbeheersing.

Ten sulke dinge het die wet niks. Inteendeel die wet gebied juis hierdie dinge in die diepte van die onderskeie gebooië.

Amen